GEDRAGSKODE

NAAM VAN LEERDER:

INLEIDING EN AGTERGROND

Soos deur die Beheerliggaam in samewerking met die ouers/voogde, opvoeders en leerders van die Hoërskool Melkbosstrand en volgens Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, bepaal. Hierdie Skoolbeheerliggaam (SBL) het die statutêre reg om ‘n Gedragskode op te stel wat ‘n goedgedissiplineerde en gefokuste skoolomgewing daarstel waarin gehalte-opvoeding bevorder en in stand gehou kan word.

Wetlike raamwerk / definisies

Kode	:	‘n stel reëls om teenstrydighede te voorkom
Gedrag	:	handelswyse en optrede teenoor ander
Gedragskode	:	‘n algemene gedragskode vir leerders soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, bepaal
Leerders	:	soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 (ix) gedefinieer
Opvoeders	:	soos in die Beroepswet vir Opvoeders van 1996 gedefinieer
Ouers	:	soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 (xiv) gedefinieer

Bepalings van die Skolewet

Volgens die wet is almal gelyk en het almal die reg op die dieselfde mate van beskerming en gelyke voordele.

Daar mag geen diskriminasie, direk of indirek, op grond van die volgende wees nie:
ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale afkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gebrek, geloof, gewete, oortuiging, kultuur, taal of geboorte.

Elke individu het ‘n aangebore waardigheid wat gerespekteer en beskerm moet word.

Elkeen het die reg tot vryheid en die reg om beskerm te word. Elkeen het die reg om vry van enige vorm van geweld of marteling te wees. Niemand mag op ‘n wrede, onmenslike of onwaardige wyse gestraf word nie.

Elkeen het die reg tot privaatheid.

Sleutelvoorwaardes

1. Leer en onderrig is ons eerste prioriteit.
2. Elke leerder het die reg om te leer en die verantwoordelikheid om ander toe te laat om te leer.
3. Elkeen het basiese menseregte en die verantwoordelikheid om ander se regte te respekteer.
4. Elkeen het die reg om in ‘n veilige, positiewe, ondersteunende omgewing te werk.
5. Hardwerkendheid moet beloon word en onaanvaarbare gedrag moet dissiplinêre intervensies tot gevolg hê.
6. Die ontwikkeling van positiewe verhoudings tussen leerders en opvoeders is een van ons primêre doelstellings.
7. Die beginsels van herstellende geregtigheid moet die basis vorm van alle gedragshanterings-metodes.

Doel en belangrikheid van die Gedragskode

- om ‘n goedgebalanseerde, vriendelike en positiewe skool- en leeromgewing te skep waarin ons leerders hul opvoeding met vertroue en genot kan ervaar sodat hul voorberei kan word tot goedgebalanseerde volwassenes wat ‘n verskil kan maak

- om ons leerders aan te moedig om hul eie gebalanseerde, verantwoordelike wêreld- en lewensbeskouings te ontwikkel wat in hulle gevoelens van eenheid, permanensie en betroubaarheid sal skep en aan hulle ‘n stewige begronding en rigting vir hul lewens sal gee wat ‘n positiewe selfbewussyn in die hand sal werk

- om ons leerder die geleenthede te gee om hul oordeelsin te gebruik, om keuses en besluite te neem en om welwillendheid te beoefen sodat hulle met tyd selfdissipline sal kan ontwikkel;

- om aan elke leerder die optimale geleentheid te bied om sy’haar vermoëns en talente te ontwikkel binne die opvoedkundig-gebaseerde omgewing waarna die skool strewe

- om ‘n versorgende en veilige omgewing vir alle leerders te bied

- om alle leerders eenders te behandel

- om leerders die beginsels van versorging en begrip vir mekaar te leer in ‘n gees van samewerking en ondersteuning

- om ‘n veilige omgewing te voorsien waar fisiese beserings tot die minimum beperk word

- om ‘n vennootskap en effektiewe kommunikasie tussen die ouers/voogde en die skool te skep en sodoende aan leerders die beste onderrig en opvoeding te bied

VISIE EN MISSIE VAN DIE SKOOL

Visie

Die Hoërskool Melkbosstrand wil met volgehoue ywer ‘n sentrum van uitnemendheid vir die hele skoolgemeenskap wees – ‘n skool waarop almal trots kan wees.

Missie

Die Hoërskool Melkbosstrand strewe daarna om jong volwassenes die wêreld in te stuur, toegerus met die nodige vaardighede om hulle regmatige plek in die samelewing in te neem en ‘n leidende rol te speel as verantwoordelike landsburgers ter bevordering van ons land Suid-Afrika.

Ons missie word deur toewyding aan die volgende waardes in ‘n Christelike omgewing bereik:

- respek
- selfdissipline
- integriteit
- hardwerkendheid
- verantwoordelikheid
- omgee

Etos

Die skoolgemeenskap van die Hoërskool Melkbosstrand aanvaar die Christelike geloof as partikuliere wêreld- en lewensbeskouing. Dit behels dat die skooldag, saal- en ander byeenkomste

met skriflesing en gebed geopen mag word. Daar sal nie teen ander geloofsoortuigings gediskrimineer word nie.

Waardegedrewe skool

Die Hoërskool Melkbosstrand is ‘n waardegedrewe skool. Elke lid van die skoolgemeenskap (ouer/voog, leerder, opvoeder) neem eienaarskap van die Gedragskode sodat die skool in sy strewe na uitnemendheid op alle gebiede kan slaag.

- INTEGRITEIT
  ‘n Persoon met integriteit glo aan aan ‘n vaste waardesisteem en leef daarvolgens.

- RESPEK
  ‘n Persoon wat respek verstaan se optrede toon respek teenoor hom-/haarself, ander persone en die omgewing waarin hy/sy leef. Dit behels trots en waardering vir ons land en die skool se simbole, stiptelikheid vir alle afsprake, respek vir ander persone en instansies se eiendom en respek vir alle leerders se reg tot vrye en ongehinderde onderrig.

- VERANTWOORDELIKHEID
  ‘n Persoon met verantwoordelikheid aanvaar aanspreekliheid vir sy/haar dade en streef na persoonlike sukses. Hy/Sy besef die verantwoordelikheid om die skool se goeie naam in ere te hou en met entoesiasme en ywer by te dra tot goeie spangees op alle vlakke van die skool se aktiwiteite.

- SELFDISSIPLINE
  ‘n Persoon wat selfdissipline toepas, aanvaar die orde wat reëls tot gevolg het en dit rig te alle tye sy/haar gedrag en optrede.

- HARDWERKENDHEID
  ‘n Hardwerkende persoon weet dat sukses moontlik is deur volgehoue harde werk, deursettingsvermoë, pligsgetrouheid, die daarstel van persoonlike doelwitte en die aanpak van uitdagings.

- OMGEE
  ‘n Persoon wat omgee, is sensitief vir ander se nood en sal moeite doen om hulp te verleen.

TOEPASSING VAN DIE GEDRAGSKODE

1. ‘n Ware Melkie sal

- op ‘n wyse optree wat die visie en missie van die skool ondersteun.
- op ‘n wyse optree wat nie die skool in diskrediet sal bring nie.
- nie op enige manier die orde en dissipline van die skool nadelig beïnvloed nie.
- hom/haar van enige ongedissiplineerde optrede teenoor personeellede weerhou.
- die regte van medeleerders respekteer.
- te alle tye as ‘n ware ambassadeur vir die skool en die gemeenskap optree.
- respek bewys teenoor alle persone in gesagsposisies, insluitende diegene in bestuursposisies, opvoeders, VRL-lede (Verteenwoordigende Raad van Leerders), klaskapteins, sportkapteins, afrigters, skeidsregters en ouers/voogde.
- die dissipline en orde wat vir die handhawing van gehalte-onderwys vereis word, aanvaar.
- aanvaar dat selfdissipline en eerbied vir die skoolreëls in hierdie Gedragskode die fondament vir orde en dissipline is.

Die Gedragskode is oral van toepassing waar ‘n leerder as ‘n leerder van die Hoërskool Melkbosstrand geïdentifiseer kan word.

Leerders erken dat teregwysing sal volg indien die Gedragskode nie geëerbiedig word nie.

2. **Oortreders**

- Die onvermoë om by enige reël van die Gedragskode te hou, sal as ‘n oortreding beskou word.
- Onderskeid word in die Gedragskode getref tussen **wangedrag (Vlak 1 en 2-oortredings)** en **ernstige wangedrag (Vlak 3-oortredings).**

Paragraaf 9 gee ‘n duidelike uiteensetting van die kategorieë van oortredings.

3. Ongehoorsaamheid en dissiplinêre stappe, insluitend dissiplinêre intervensies

3.1 Alle gedrag wat neerkom op die verbreking van enige van hierdie Gedragskode se reëls, sal aangespreek word.

3.2 Elke onderwyser hanteer dissipline in sy/haar klas en maak kontak met ouers/voogde indien herhaling van **Vlak 1-oortredings** voorkom. Rekord word van voorvalle gehou. **(Vlak 1-intervensie)**

3.3 Graadhoofde tree in wanneer oortredings herhaaldelik opduik of ernstige wangedrag, (**Vlak 3-oortredings)** ter sprake kom. Graadhoofde hou rekord van voorvalle. **(Vlak 2-intervensie)**

3.4 Die Skoolbestuurspan (SBS) hanteer ernstige gevalle van wangedrag (**Vlak 3-oortredings)** en kan dit na die Dissiplinêre Komitee van die SBL verwys. Hierdie komitee reël ‘n dissiplinêre gesprek of verhoor met die betrokke partye en hanteer die aangeleentheid volgens die WKOD-voorskrifte (Wes-Kaap Onderwysdepartement).

3.5 Afhangende van die uitslag van die dissiplinêre intervensie**,** kan die WKOD betrek word. Indien moontlik word ‘n persoonlike intervensieplan in samewerking met die WKOD se ondersteuningsdienste opgestel. Rekordhouding van alle gevalle word gedoen deur SBS. **(Vlak 3-intervensie)**

3.6 Indien nodig, sal die Skool versoek dat die SBL die leerder vir ‘n tydperk (3 – 7 dae) skors. In ernstige gevalle kan die WKOD om uitsetting van die leerder versoek word.

3.7 Alle optrede van die opvoeders, skoolbestuurspan en dissiplinêre komitee het eerstens ten doel om die leerder te begelei tot verantwoordelike volwassenheid. Tweedens word gepoog om ‘n veilige leer- en werksomgewing vir alle leerders en personeel te skep.

3.8 ‘n Verslag van die leerder se oortreding(s) word vir toekomstige verwysing op sy/haar persoonlike profiel bewaar.

Herstellende prosedures (intervensies)

Dit is prosedures en benaderings waartydens leerders daadwerklik aangemoedig word om oor hul optredes te reflekteer, die uitwerking van hul dade op ander in oënskou te neem en hulle te help besluit wat die beste manier is om die skade te herstel. Dit is ‘n probleemoplossingsbenadering om leerders te ondersteun om in hul persoonlike en sosiale verhoudings geskille uit die weg te ruim. Hoë ondersteuning en hoë vlakke van persoonlike beheer word beklemtoon. Deur herstellende prosedures te gebruik, help opvoeders leerders om sosiale probleemoplossingsvaardighede en empatie te ontwikkel.

4. Die toepassing van regte en verantwoordelikhede

Die volgende omskryf die regte en verantwoordelikhede van leerders in spesifieke situasies:

<u>Algemeen</u>

Wanneer ‘n leerder by die skool is, word daar van hom/haar verwag

a. om by te dra tot die skep van ‘n **positiewe skoolkultuur** deur
   - alle opdragte en voorskrifte van opvoeders noukeurig uit te voer en nie ander te steur nie.
   - konstruktief met ander om te gaan en hom-/haarself nie skuldig te maak aan enige fisiese, verbale of seksuele teistering nie. (Dit sluit vloek, rondstamp en baklei in.)
   - onder geen omstandighede of op enige manier ‘n ander leerder of personeellid te teister nie.

b. te help om ‘n **veilige leeromgewing** in stand te hou deur
   - konflik te vermy en gevaarlike of lewensbedreigende situasies aan te meld.
   - nie enige gevaarlike items skool toe te bring nie, nl. skerp voorwerpe, wapens, enige ongewenste materiaal soos pornografie, gevaarlike middels, insluitende alkohol, dwelms, tabak. (Sien ook paragraaf 8.)

c. om skool- en individuele **eiendom te respekteer** deur nie ‘n ander se besittings sonder toestemming te gebruik nie en alle skade aan te meld.

d. om **altyd betyds** vir skool, klasse en alle ander byeenkomste te wees.

e. om elke dag al die nodige **boeke en/of toerusting** by die skool te hê.

f. om ‘n **nota** van die ouer/voog of ‘n **doktersertifikaat na enige afwesigheid van skool** in te handig.
(Let wel: Slegs ‘n doktersertifikaat word as ‘n geldige rede beskou indien ‘n formele assessering gemis word.)

g. om altyd ‘n **ware ambassadeur** vir die skool te wees, op en weg van die skoolgronde, veral wanneer hy/sy in skooldrag geklee is.

<u>Op die skoolterrein</u>
Daar word van ‘n ware Melkie verwag om

a. hom-/haarself verstandig en veilig in die skoolgeboue en op die skoolterrein te gedra.
b. flink tussen periodes van klas tot klas te beweeg.
c. flink na pouse voor klasse aan te tree.
d. in rye, seuns en dogters apart, voor klasse aan te tree.
e. onmiddellik in die klas werkstasies (tafels) voor te berei sodat onderrig kan begin.
f. alle opdragte en klasreëls van die opvoeder na te kom.
g. op te staan sodra enige volwassene die klaskamer binnekom.
h. fietse, skaatsplanke, motorfietse en voertuie verantwoordelik en met inagneming van die veiligheid van ander te gebruik.
i. slegs op aangewese plekke (NIE IN DIE VIERKANTE NIE) balspeletjies te speel.
j. weg te bly van plekke wat buite perke is, bv. parkeerareas.
k. saam te werk om die skoolterrein skoon en netjies te hou en sodoende ‘n gesonde skoolomgewing te skep deur nie rommel te strooi nie en rommel op te tel sonder om gevra te word.
l. binne skoolgrense te bly vir die volle skooldag, tensy daar geskrewe toestemming gegee is om dit te verlaat.
m. alle volwassenes vriendelik te groet en behulpsaam te wees waar nodig.

5. Die skep van positiewe verhoudings

Die skool is daartoe verbind om positiewe verhoudings te skep deur:

a. Reëls wat
- op die veiligheid van leerders en personeel gerig is.
- wedersydse respek en gefokusde leer ondersteun.
- onaanvare gedrag met die gepaste dissiplinêre intervensie herstel.

b. Opvoeders wat
- verhoudings ontwikkel wat op onderlinge respek eerder as op outoriteit gebaseer is om gestelde mikpunte te bereik en orde in stand te hou.
- konstruktiewe pogings en positiewe gedrag versterk.
- voortdurend erkenning gee aan leerders se pogings.
- geleenthede skep om leerders te prys en voortreflike werk te beloon.
- hul rol en belang verwoord in die ontwikkeling en vordering van leerders tot volwassenheid.

c. Leerders wat
- op ‘n positiewe manier erkenning aan hul eie en hul medeleerders se prestasies gee.
- die vrymoedigheid het om hulp te vra wanneer hulle probleme ervaar.

Positiewe versterking
Leerders sal meer produktief werk en bereid wees om hul samewerking te gee wanneer hulle aangemoedig word, hulle werk geprys word en hulle voel hulle word waardeer.

Opvoeders werk om dit te bereik deur positiewe spanomgewings te skep waar hulle kan fokus op leerders se vermoëns deur aanvaarbare gedrag en werksgewoontes te beloon.

Voorbeelde hiervan is
- om voortdurende positiewe terugvoering, mondeling en skriftelik, te gee.
- om ‘n sisteem van klaskamertoekennings en –belonings te hê.
- om positiewe kommentaar oor leerders se goeie werk aan ouers/voogde te stuur.
- om leerders se goeie werk uit te stal.
- om erkenning van prestasies tydens saal- en spanbyeenkomste te gee.
- om nominasies vir skooltoekennings te maak.

Gevolge
Die verduideliking van die gevolge van dade en gedrag behoort te lei tot
- groei in die leerder se besef van positiewe en negatiewe gevolge.
- ‘n beter begrip vir die rede vir die daarstelling van reëls.
- die klem op besinning, begrip en berading eerder as straf.

Die presiese reaksie of gevolg sal wissel afhangend van die individuele omstandighede, die ernstigheid van die oortreding en of dit ‘n herhalende oortreding is. Waar moontlik moet ‘n logiese verband tussen die voorval en die gevolg wees (bv. rommeloptel vir rommelstrooi).

Om te verseker dat daar konsekwentheid is, moet alle opvoeders die voordele van die beoefening van herstellende prosedures as deel van hul eie klaskamerbestuur erken en toepas.

6. Bepaalde standaarde en voorskrifte

6.1 Elektroniese apparaat

- Geen elektroniese apparaat (bv. selfone, tablette, slimhorlosies, skootrekenaars) mag sonder die toestemming van ‘n opvoeder gedurende skoolure gebruik word nie. Die skooltelefoon in die sekretaresses se kantoor kan vir noodgevalle gebruik word.

- Elektroniese apparate, (bv. selfone, tablette, slimhorlosies, skootrekenaars en sosialemediaplatforms) mag slegs met toestemming en onder die streng toesig van ‘n opvoeder vir opvoedkundige doeleindes gebruik word.

- Indien ‘n leerder ‘n elektroniese apparaat skool toe bring, moet dit gedurende skoolure afgeskakel en buite sig wees.

- Die skool neem geen verantwoordelikheid vir die verlies van of skade aan enige elektroniese apparaat op die skoolterrein nie.

- Indien enige elektroniese apparaat of enige sosialemediaplatforms vir boelie, seksuele teistering of intimidasie van personeel of leerders aangewend word, sal drastiese stappe teen die oortreder geneem word (**Vlak 3, ernstige wangedrag**) en die saak kan na die SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens) verwys word.

- Foto’s of video’s van leerders of skoolpersoneel mag slegs op sosialemediaplatforms opgelaai word indien die betrokke persoon/persone daartoe toestemming gee.

- **Geen selfoon of enige vorm van elektroniese apparaat mag in die besit van ‘n leerder wees gedurende toetse of eksamens nie. Dit word as ‘n ernstige eksamen-**

onreëlmatigheid beskou en sal deur die SAOK (Skool Assesserings-onreëlmatigheidskomitee) of die WKOD self ondersoek word.

- In die geval van ‘n oortreding van die bogenoemde voorskrifte, sal die selfoon of elektroniese apparaat geneem word en tot aan die einde van die dag in veilige bewaring gehou word, of indien nodig, totdat die SAIK en/of WKOD se ondersoek afgehandel is.

Die volledige skoolbeleid rakende *Inligtingstelsels en Sosiale Media* is in die kantoor beskikbaar. Neem egter kennis van die volgende samevatting:

- Die skep van onenigheid en die verspreiding van ongewenste materiaal:
  Geen opvoeder, nie-opvoeder of leerder mag rassistiese, lasterlike, seksistiese of pornografiese inligting versprei nie. Dit kom op ernstige wangedrag neer.

- Neerhalende uitlatings:
  Geen opvoeder, nie-opvoeder, ouer of leerder mag nie neerhalende of aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of leerders publiseer of versprei nie. Indien ‘n persoon daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, kan dit tot ‘n dissiplinêre optrede of regsaksie vir laster lei.

- Indien ‘n opvoeder, nie-opvoeder of leerder ‘n opmerking, foto of video op enige sosialemediaplatforms publiseer wat die skool se naam skade aandoen en ‘n verbintenis met die skool is bekend of word geïdentifiseer of aanvaar, sal sodanige persoon onderworpe wees aan ‘n dissiplinêre – en/of regsaksie. Regstappe kan ook gedoen word teen ‘n ouer of lid van die gemeenskap wat die skool se naam oneer aandoen.

6.2 Algemene voorkoms

- **‘n Ware Melkie sal seker maak dat sy/haar voorkoms te alle tye aan die hoogste standaarde van netheid en higiëne voldoen.**
- **‘n Ware Melkie besef dat sy/haar voorkoms ‘n belangrike rol speel in die bevordering van die skool se beeld na buite.**
- **‘n Ware Melkie se voorkoms moet te alle tye sy/haar rol as ambassadeur vir die skool komplimenteer.**
- **‘n Ware Melkie respekteer sy/haar skool en skooldrag deur die voorgeskrewe reëls ten opsigte van haarstyle, juweliersware, grimering, tatoeëering en kleredrag op “civvie”-dae na te kom.**

6.2.1 Hare, naels en juweliersware

6.2.1.1 Seuns

- Hare moet geleidelik korter na onder gesny word – nie baie lank op die kop en baie kort langs die kante nie; dus geen skerp verandering in lengte nie.
- Geen patrone, lyne of kepe mag ingesny word of enige uitspattige haarstyle gedra word nie.
- Indien die kuif reguit vorentoe gekam word, moet die hare twee vingers bokant die wenkbroue wees.
- Geen poniesterte word toegelaat nie.
- Hare mag nie oor die ore hang of agter aan die kraag raak nie.
- Hare moet skoon en netjies gedra word.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Bakkebaarde (“sideburns”) mag nie langer as die middel van die oor wees nie.
- Hare mag in reguit vlegsels gevleg word, mits die los ente nie langer as 1 cm is nie.
- Elke seun se hare sal individueel beoordeel word.

- Indien ‘n seun se hare nie korrek is nie, moet dit binne 24 uur reggestel word. Sou ‘n tweede waarskuwing nodig wees, sal die ouer/voog gekontak word met die versoek om dit onmiddellik reg te stel.
- Seuns moet elke dag skoon geskeer wees. Indien daar ‘n probleem is, moet die ouer/voog die Graadhoof inlig.
- Naels moet kort en skoon gehou word.
- Net ‘n polshorlosie en/of ‘n amptelike mediese armband word toegelaat.
- Geen ringe, hangertjies, armbande of oorbelle is toelaatbaar nie.
- Geen tongringe, neusringe of enige ander sigbare deurborings of “studs” of sigbare tatoeëerings mag saam met skooldrag gedra word nie.

6.2.1.2 Dogters

- Slegs effekleurige swart, bruin, donkerblou, silwer of wit knippies mag gebruik word om hare vas te steek.
- Slegs effekleurige swart, donkerblou of wit haarbande mag gedra word.
- Slegs effekleurige swart, donkerblou, of wit haarlinte mag gedra word.
- Slegs effekleurige swart, bruin, donkerblou, silwer, deurskynende of wit haarbykomstighede mag gedra word.
- Lang hare, ook klein vlegseltjies (indien dit aan die kraag raak of langer is) moet vasgebind word.
- Hare mag nie in onnatuurlike kleure gekleur word nie.
- Geen onnatuurlike haarstyle mag gedra word nie.
- Haarverlengstukke moet dieselfde kleur as die res van die hare wees.
- Hare moet te alle tye skoon en netjies wees.
- Geen grimering word toegelaat nie.
- Naels moet kort wees en slegs kleurlose naellak word toegelaat. (Geen gel, akriel of “French tips” nie.)
- Net ‘n polshorlosie, amptelike mediese armband of ‘n seëlring word toegelaat.
- Net een paar “studs” of ringetjies in silwer of goud, 5 mm in deursnee, in die onderste gaatjie van die oorlel word toegelaat.
- Geen ekstra oorringe mag gedra word of met pleisters toegeplak word nie.
- Geen tongringe, neusringe, wenkbrouringe of ander sigbare deurborings (“piercings”) of sigbare tatoeëerings mag saam met skooldrag gedra word nie.

6.2.2 Skooluniform

6.2.2.1 Seuns

Somersdrag

- ‘n grys langbroek of kortbroek (swart belt opsioneel)
- ‘n blou kortmouhemp (ALTYD INGESTEEK)
- vir saalperiodes is ‘n blou skoolbaadjie, hempskraag oor die baadjiekraag, VERPLIGTEND
- lang grys skoolsokkies, GEEN wit of gekleurde sokkies nie
- swart leerskoene met veters
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

Wintersdrag

- ‘n grys langbroek of kortbroek (swart belt opsioneel)
- ‘n blou langmoumouhemp (ALTYD INGESTEEK), met ‘n daskraag
- ‘n blou skoolbaadjie en das
- donkerblou skooltrui of kortmou oortrektrui (opsioneel)
- GEEN sweetpakbaadjies onder skoolbaadjies nie
- SLEGS swart of donkerblou effekleurige serpe, GEEN wolmusse nie
- lang grys skoolsokkies, GEEN wit of gekleurde sokkies nie
- swart leerskoene

- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie en serpe, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

6.2.2.2 Dogters

Somersdrag

- 'n blou kortmou skoolbloes – hang oor rompie, nie ingesteek nie
- 'n blou geruite skoolromp (lengte vier vingers bokant die knie, NIE opgerol nie)
- vir saalperiodes is 'n blou skoolbaadjie, hempskraag oor die baadjiekraag, VERPLIGTEND
- kort wit sokkies, omgevou
- swart leerskoene
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

Wintersdrag

- 'n blou langmoumouhemp (ALTYD INGESTEEK), met 'n daskraag
- 'n blou skoolbaadjie en das
- donkerblou skooltrui of kortmou oortrektrui (opsioneel)
- GEEN sweetpakbaadjies onder skoolbaadjies nie
- SLEGS swart of donkerblou effekleurige serpe, GEEN wolmusse nie
- lang swart broekiekouse, sonder patrone, geen sokkies onder die kouse nie
- swart leerskoene
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie en serpe, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

Enige afwykings van die goedgekeurde uniform moet SKRIFTELIK deur die ouer/voog versoek word en kan dan met die nodige toestemming geskied. Spesiale gevalle sal na die SBL vir goedkeuring verwys word.

Sportspanne/ Kultuurgroepe word toegelaat om spandrag op sekere dae te dra, maar slegs as dit vooraf goedgekeur is.

6.2.3 Voorkoms tydens sport- en kultuuraktiwiteite

- Leerders moet voor en na hierdie aktiwiteite/wedstryde in skooldrag/skoolsweetpakke geklee wees.
- Tydens LO-aktiwiteite moet leerders die voorgeskrewe sportdrag - donkerblou hemde, kortbroeke en rompies, dra.
- Leerders mag onder geen omstandighede sport- en skooldrag meng nie.

6.3 Fisiese kontak tussen leerders

- Die skool aanvaar 'n beleid van **geen fisiese kontak tussen leerders nie.**
- Dit geld vir skooltye en op die skoolterrein en **waar leerders ook al as leerders van Hoërskool Melkbosstrand geïdentifiseer kan word.**
- Hierdie beleid ondersteun die waarde van *respek* vir persoonlike privaatheid en ruimte.

6.4 Uitteken

- SLEGS die kantoorpersoneel skakel 'n leerder se ouer/voog wanneer 'n leerder moet uitteken nadat die Graadhoof toestemming verleen het.
- Geen leerder mag die terrein verlaat sonder dat die ouer/voog daartoe toestemming gee of self die leerder kom haal nie.
- Die leerder is SELF daarvoor VERANTWOORDELIK om te sorg dat die skoolwerk wat gemis word, ingehaal word.

7. Boeliery

- ‘n Ware Melkie sal altyd daarna strewe om die nodige respek teenoor hom-/haarself en medeleerders te betoon. Gesonde debatvoering tussen leerders word aangemoedig, maar alle leerders se menings moet gerespekteer word.
- ‘n Ware Melkie sal toesien dat sy/haar gedrag en optrede op geen manier ‘n ander leerder benadeel nie.
- ‘n Ware Melkie sal gesonde kommunikasievaardighede gebruik om geskille op te los, en, indien nodig, die probleem na ‘n volwassene/opvoeder verwys.
- ‘n Ware Melkie sal in sy/haar verhoudings met ander die waardes van *respek* en *omgee* nastreef.
- Leerders wie se regte op enige manier deur ‘n ander leerder of leerders geskend word, moet die aangeleentheid onmiddellik by sy/haar Graadhoof of ‘n opvoeder aanmeld.

8. Deursoek van leerders en hul eiendom

Indien daar ‘n geregverdige en redelike vermoede bestaan dat ‘n leerder in besit is van onwettige middels, of ‘n gevaarlike voorwerp, of ‘n wapen, of vuurwapen, of onder die invloed van onwettige/gevaarlike middels is, of in die besit van gesteelde goedere, of pornografiese materiaal is, kan die skoolhoof of ‘n gemagtigde personeellid sodanige leerder en sy/haar sak of skooltas deursoek, en/of ‘n dwelmtoets doen. Gedurende die deursoeking sal die reg tot menswaardigheid toegepas word en die leerder sal in privaatheid deur persone van sy/haar eie geslag persoon deursoek word. Die polisie kan ook enige tyd ingeroep word om die skool hierin by te staan. Die ouer/voog sal in kennis gestel geword. (Sien ook par. 4b, algemeen)

Bogenoemde optrede word streng volgens die 2007-invoeging van Artikel 8A in Wet 84 van die 1996 Skolewet, Education Laws Amendment Act no. 24 van 2005 en no. 31 van 2007 en die Government Gazette Notice 1140 van 2008, toegepas.

‘n Leerders wat positief toets, sal aan die nodige dissiplinêre intervensie (Vlak 3-intervensie) onderwerp word. Deeglike rekord sal ook van die deursoekingsproses en die uitslag daarvan gehou word. Die skool kan ook op ‘n gereelde basis hierdie leerder wanneer hy/sy weer terug is by die skool, toets.

9. Oortredings en strawwe volgens kategorieë

9.1 Stappe in die dissiplinêre proses

1. Die opvoeder waarsku die leerder en lig die ouer per SMS of telefonies in indien nodig.
2. ‘n Herhaling van die oortreding word verwys na die Graadhoof wat, afhangende van die erns van die oortreding, die ouer/voog skakel.
3. Drie tipes detensies (intervensies) kan volg na gelang van die graad van die oortreding:
   - Akademiese intervensie op ‘n weeksmiddag
   - Vrydag-detensie van 14:00 – 16:00 in skooldrag
   - Saterdag-detensie van 09:00 – 12:00 in skooldrag
4. Indien ‘n detensie sonder verskoning gemis word, sal ‘n volgende detensie onmiddellik volg.
5. Herhaling van detensies kan lei tot ‘n dissiplinêre gesprek tussen die SBS en die ouer/voog of ‘n verwysing na die SBL in die vorm van ‘n dissiplinêre verhoor.

Bogenoemde stappe word beïnvloed deur die graadvlak van die oortreding. ‘n Direkte detensie of dissiplinêre verhoor kan verklaar word indien nodig.

9.2 Grade van oortredings

VOORBEELDE VAN VLAK 1-WANGEDRAG

Optrede in klaskamer	Toepasser van dissipline	Optrede
• pratery en ander ontwrigtende optrede • etery • slaap / let nie op nie • sloer tussen klasse • steur / pla klasmaats • rondlopery in klas • gebruik van enige elektroniese apparate sonder toestemming • ignoreer direkte opdragte • stamp aan klasmaats of meubels	Opvoeder, Graadhoof en Ouer/voog, Fasehoof Rekordhouding deur opvoeder	Opvoeder waarsku leerder Stuur boodskap aan ouer/voog Verwys na Graadhoof na herhaling Graadhoof kontak ouer/voog indien nodig Detensie vir herhaling Opvoeder neem selfoon/elektroniese apparaat in bewaring tot aan die einde van die dag
Akademiese		
• huiswerk / take nie gedoen / onvolledig / nie betyds ingehandig nie • klas- en / of handboeke vergeet • toetse / boeke nie geteken deur ouerx/voog nie	Opvoeder, Graadhoof, Ouer,	Opvoeder lig ouer/voog in d.m.v. SMS Verwys na Graadhoof vir afspraak met ouer/voog Akademiese detensie / intervensie Ekstra klasse Opvolg tydens oueraande
Algemene optrede		
• laat vir skool / klas / byeenkomste / afsprake • afbrekende taalgebruik / naamgewery • wanordelike gedrag • rommelstrooiery • verlaat klas sonder toestemming • swak / steurende / arrogante gedrag tydens byeenkomste / funksies / aankondigings • onaanvare haarstyl / -kleur • dra van grimering / naellak • vertoon van tatoeëering • dra van ontoelaatbare juweliersware • algemene onnet, slordige voorkoms • afwykings van skooldrag	Graadhoof en ouer/voog, Fasehoof, Adjunkhoof, Skoolhoof Graadhoof hou rekord	Graadhoof kontak ouer/voog Herhaling lei tot detensie Herhaaldelike oortredings lei tot Saterdag-detensie
Buitemuurse aktiwiteite		
• laatkom vir wedstryde of aktiwiteite sonder geldige verskoning • swak sportmanskap • swak toeskouersgedrag	Afrigter, Hoof van Sport, Fasehoof, Graadhoof en ouer/voog	Straf volgens wedstryd of kompetisie se reëls Moontlike skorsing van een of meer wedstryde Herhaling kan tot detensie lei

VOORBEELDE VAN VLAK 2-WANGEDRAG

Optrede	Toepasser van dissipline	Optrede
• herhaling van Vlak 1-oortredings • vuil, growwe taalgebruik, vloekery • afknouery, boeliegedrag, opsetlike rondstampery • swak / steurende / arrogante gedrag by byeenkomste / funksies • stokkiesdraai (skool / klasse) • teëpratery teenoor personeel • vertel en verspreiding van leuens • peutery aan enige skooltoerusting • verlaat skoolterrein sonder toestemming • opsetlike beskadiging van enige skooleiendom	Graadhoof, Fasehoof, Adjunkhoof en/of Skoolhoof	Vrydag- of Saterdag-detensie Ouer/voog word onmiddellik in kennis gestel Ouer/voog verantwoordelik vir moontlike skade
• afwesigheid van enige wedstryde of aktiwiteite sonder 'n geldige verskoning	Afrigter, Sporthoof, Kultuurhoof, Fasehoof, Graadhoof	Moontlike detensie Skorsing van een of meer wedstryde

VOORBEELDE VAN VLAK 3-OORTREDINGS:

ERNSTIGE WANGEDRAG VOLGENS DIE PROVINSIALE WES-KAAP: BUITENGEWONE PROVINSIALE GAZETTE 6839, 15 DESEMBER 2011

Oortreding	Toepasser van dissipline	Optrede
1. Onderhewig aan die bepalings van die Wet, sal 'n leerder by 'n skool wat – a. 'n gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelms gebruik het, of in sy of haar besit gehad het, of verkoop het, of versprei het; b. 'n daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg; c. 'n daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar;	Alle skoolpersoneel, opvoeders, graadhoofde, fasehoofde, adjunkhoof, skoolhoof, SBS (Skoolbestuurspan), SAOK (Onreëlmatigheidskomitee), SBL (Skoolbeheerliggaam), WKOD (Wes-Kaap Onderwysdepartment)	Personeel meld dit by Graadhoof aan Graadhoof stel ouer/voog in kennis, telefonies of skriftelik. Vrydag- of Saterdag-detensie Die erns van die saak bepaal of dit na 'n direkte dissiplinêre verhoof verwys moet word.

d. in besit is, of gebruikmaak van enige ongemagtigde afskrif van ‘n toets- of eksamenvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop, of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie te plaas om ‘n onbillike voordeel te trek; e. haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, in besit is van, of pornografiese materiaal versprei, of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid; f. die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig, of die regte van ander skend; g. homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf, of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry by ‘n skool; h. herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode; OF homself of haarself, volgens die mening van die Skoolbeheerliggaam, op ‘n skandelike, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra, **skuldig mag wees aan ernstige wangedrag.**		Leerder kry nul vir die vraestel. Ouer/voog word ingelig. ‘n Gr.12-leerder kan deur die WKOD verbied word om vir vier jaar die NSS-eksamen af te lê. Detensie en/of dissiplinêre verhoor Skorsing of uitsetting kan volg na gelang van uitslag van die verhoor Leerders op sporttoere word onmiddellik huis toe gestuur.
• herhaling van Vlak 2-oortredings • rook, (insluitende e-sigarette, “vape”, Ocha-pyp, dagga) op die skoolgronde, of in skooldrag, in die openbaar		Detensie en/of dissiplinêre verhoor Skorsing of uitsetting kan volg na gelang van uitslag van die verhoor Leerders op sporttoere word onmiddellik huis toe gestuur.

• onder die invloed wees van onaanvaarbare substansies • opsetlike wegbly van detensie • uittartende / uitdagende / oneerbiedige gedrag of vloektaal teenoor personeel of beoordelaars • sportveld (bv. rooikaart) • minagting van gesag en/of dissipline • onaanvaarbare gebruik van sosiale media		Detensie en/of dissiplinêre verhoor Dissiplinêre gesprek / detensie en/of dissiplinêre verhoor

2. Onderhewig aan die bepalings van die Wet, kan sodanige leerder by ‘n skool geskors word deur die Skoolbeheerliggaam of uitgesit word deur die Hoof van Onderwys, indien, na ‘n billike verhoor en nadat hy of sy skuldig bevind is aan ernstige wangedrag soos bedoel in subregulasie 1.4

Hierdie Gedragskode is saamgestel met die SA Skolewet as riglyn en goedgekeur deur die Skoolbeheerliggaam van die Hoërskool Melkbosstrand.

_____ _____

Die Hoërskool Melkbosstrand SBL-Voorsitter) **Datum**

HOËRSKOOL MELKBOSSTRAND
DETENSIE- / INTERVENSIEBRIEF

U kind, _____, in graad _____, het die volgende

oortreding(s) begaan:

_____

_____

_____

_____

Hierdie oortreding(s) noodsaak ‘n (akademiese / dissiplinêre /) (detensie / intervensie) by die skool.

Datum van detensie: _____ **Tyd:** _____

Dit is u kind se _____ detensie.

Let daarop dat herhaaldelike detensies tot ‘n dissiplinêre verhoor voor die Dissiplinêre Komitee van die SBL kan lei.

Tref asseblief vooraf die nodige vervoerreëlings vir u kind, die skool neem nie daarvoor verantwoordelikheid nie.

U samewerking word waardeer.

_____ _____

(Handtekening van Graadhoof) (Handtekening van Ouer/Voog)